Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za

JP van der Westhuizen

Area: Potchefstroom

T: 066 203 8449 / E: jpvdw@laeveld.co.za

Gewasse:
Aartappels, mielies, bone, sonneblomme

Aanbieding:
Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

JP van der Westhuizen het in Johannesburg grootgeword. Hy het in 2018 'n geleentheid gekry om in die landbou-bedryf saam met Abrie Coetzee te werk.

Voordat hy in die landboubedryf betrokke geraak het, was JP 'n Tekenaar in die ingenieursbedryf, maar het gou besef dat hy nie heeldag in 'n kantoor wil wees nie, maar buite êrens op 'n plaas.

Met 'n passie vir landbou, beskryf JP sy werk by Laeveld Agrochem as die ideale geleentheid om met legendes in die bedryf in kontak te kom. Dit is vir hom 'n groot voorreg om vroegoggend deur die lande te ry – met vars lug, goeie gesondheid en interaksies met mense op verskillende plase. Met die hulp van 'n groot ondersteuningspan by Laeveld Agrochem, kan hy produsente die beste diens en advies bied.

JP het drie kwalifikasies, naamlik 'n Tekeningsdiploma by African Academy, 'n Diploma in Plantproduksie by Pertitum Agri Institute en 'n CropLife-kwalifikasie.

In sy vrye tyd vang hy graag vis, speel biljart of kuier saam met sy familie en vriende in die bos. JP en sy vrou sien uit na die geboorte van hulle eersteling later hierdie jaar.

JP werk steeds onderleiding van Abrie in die Potchefstroom-gebied met verskeie gewasse soos aartappels, mielies, verskeie bone en sonneblomme. Hulle mik om gereeld vir elke kliënt 'n verslag met hommeltuig-foto's te lewer, asook om kliënte te help om stoorvoorraad te bestuur deur weeklikse voorraadtellings.

JP se hooffokus is om kliënte te help om so doeltreffend as moontlik te boer en hulle te ondersteun met die beste produkte en dienste van Laeveld Agrochem.

Hy sê: "Die lewe op aarde is kort. Daarom bly elke glas, al is dit halfvol of halfleeg, steeds 'n geleentheid om aan te gryp."

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.